

Ds. A. W. C. Bester  
Doopdiens Vredendal-Wes  
5 Oktober 1980

Onderwerp: 'n Klein dogtertjie in die Vreemde

Lees: 2 Konings 5 verse 1 tot 19

Teks: 2 Konings 5 verse 2 tot 4

Sing: Gesang 62 verse 2 en 3; Gesang 318;  
Gesang 188 verse 1 tot 3; Gesang 194 vers 5.

"'n Mens verval dikwels in die versoeking om verhale in die Bybel uit te brei en dan meer te sê as wat daar geskrywe staan, en so begaan jy dan inlegkunde in plaas van uitlegkunde.

"En tog is daar afleidings wat geregverdig kan wees, soos by hierdie verhaal van die klein dogtertjie wat van haar land weggevoer is na 'n vreemde land.

"U sien hierdie ding kom al van vêr af. Terrorisme is 'n speletjie - die kaping van mense lewens is beslis nie 'n moderne uitvindsel nie. Ons sit vandag midde in 'n geweldige stryd. Hierdie aaklige ding. Maar die wêreld ken dit al baie lank.

"En hierdie besondere verhaal kan ons tog so baie leer. Wanneer mens dit lees, is daar veral drie persone aan wie jy dink.

"Ons dink aan hierdie dogtertjie se ouers. Haar naam en hulle name word nie hier vir ons genoem nie. Hulle is deel van die onbekende skare van mense wat stilweg hul plig op aarde vervul en dikwels sulke wonderlike dinge te voorskyn gebring het.

"Die Arameërs het 'n klein dogtertjie gevange geneem. Miskien het hierdie dogtertjie se ouers in die proses daar by hulle huis gesterwe, ons weet nie, maar wat ons weet, is dat hierdie klein dogtertjie se ouers hulle ouertaak vervul het. Dat hierdie ouers hulle verbondsbelofte teenoor God nagekom het. Want hierdie dogtertjie het op haar ouderdom al geweet van die profete van God in Israel en daarom ook van die God van Israel. Die God wat vir Vader Abraham kom sê het:

"Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou." (Gen 17:7)

"Die God wat aan daardie huisgesin sy verbond verseël het met besnydenis as uiterlike teken en aan ons deur die Doop.

“Die Doop wat vir u en my kom sê: ‘dat as ons, ons voor God verootmoedig en ons sondes bely, Hy ons sondes vir ons sal wegwas deur Jesus se bloed.’

“Klein soos die dogtertjie was, het haar vrome ouers reeds aan haar die mooi dinge uit hulle volksverlede vertel. Ja, vir haar vertel van die wonderlike Here wat hulle volk so vêr op die woestynpad gelei het. Die God wat magtig is en deur Sy almag vir hulle so goed was.

“Ek ken nie hierdie twee mense se name nie. Hulle grafstene mag verweer en verblyk daar onder God se weer en wind staan. Maar wat ek weet: hulle het hulle kind reg groot gemaak. En as hierdie kind eendag verkeerd sou loop, sal die verwyte hulle deur God se genade gespaar wees.

“En hier praat hierdie verhaal vanmôre seker met elkeen van ons. Elkeen wat deur die genade van God kinders ontvang het en hul kinders ten doop kon bring. Elkeen wat geroep is om aan hulle kinders die opvoeding oor Sy Kind te gee en sout te wees in die lewens van hulle kinders. En ons dank God vir ouers wat ons as kind geleer het en voorgegaan het op die weg na Jesus toe. Ouers wat in hulle eenvoud en niteenstaande min dae op die skoolbank - tog die belangrikste les van alle lesse vir kinders kom leer, naamlik die GROOTSTE WAARHEID VAN GOD SE WOORD: dat daar vergifnis is in die bloed van Jesus Christus.

“Daarsonder sou u, wat vanmôre hier sit, se lewe armer gewees het. Dit is al hierdie ouers wat vanmôre geroep word om na te dink oor hierdie klein dogtertjie.

“Ons dink aan hierdie klein dogtertjie. Arme klein skepseltjie! Hoe bang was sy nie gewees nie en hoe hartverskeurend was haar gehuil nie. En watter wrede dinge moes sy reeds vroeg in haar lewe deurmaak nie. Maar dan is sy ook vir my en elke seun en dogter wat vanmôre hier sit ’n inspirasie.

“Sy het nie geswyg nie.

“Sy PRAAT. Sy VERTEL.

“En sy praat en vertel van die HERE se profeet in Israel.

“Dan wil ’n mens somer vir ons kinders vra of hulle ook daardie moed sou gehad het. En hulle kry dit nodig, want dis by die skool, en in die samelewing wat die terroristebendes van die Duiwel ’n mens wil verniel en verlei. En later by die Kollege en die Universiteit en die werkplek en daar in die Weermag ...

“Sal jy die morele moed hê om te kom sê: Nee, ek is nie so groot gemaak nie?”

“Dis dié mense, die onbekende besielde getroues waarop in die toekoms geleun word. En ons weet daar sal sulkes wees, as die nood-oomblik kom.

“Maar ek voel hartseer vir die seun en dogter wat moet opgroeï sonder die voorbidding, belangstelling, leiding en hulp van Christen-ouers.

“Wat moet van hulle word?”

“Maar dan dink ons ook aan God.

“Op wonderlike wyse gebruik God die lewe en voorbeeld van verbondsouers om die kosbare diamante van kinderlewens te slyp tot skitterblink juwele. Juwele waarvan die vonkeling nie ongesiens verby kan gaan nie. In Sy Woord het ons talle voorbeelde van sulke juwele te vinde:

“Josef - in die paleis van Potifar sê hy nee teen die verleiding. ‘Hoe kan ek dit doen en sondig teen God’. En hy vlug weg van die kwaad.

“Dawid - rooierig skaam seun van sy vader. Daar tussen die klomp bang grootmense stap hy navore met sy herderstas en slingervel.

“Nee, antwoord die geestelike goedere wat sy ouers vir hom deurgegee het en hom die leier van God se volk gemaak het. En sê: ‘Goliat ek kom na jou in die Naam van die God van Israel’.

“Samuel - in die tempelhuus van God. So klein dat hy nog nie mooi die stem van God en die stem van Eli kon onderskei nie. En daar omdat sy moeder hom daar kom afgee het aan God. Klein maar reeds gewillig as hy sê: ‘Spreek Here u dienskneg luister’.

“Timotheus - jonk - in die fleur van sy lewe en reeds ’n kragtige getuie wat die hart van Paulus verbly.

“God kan die kind gebruik en Hy doen dit ook dikwels om sy wonders te bewerk.

“Maar baie seker dan, rus dit op die taak wat ’n gelowige ouer te vervul het.

“In hierdie dae van bedreiging glo ek diep in my hart dat ons slegs deur ouers se Christengetuïenis en voorbeeld en lewenswandel die aanvalle van die Bose die hoof kan bied. En mag dit dan wees dat elkeen van ons getrou op die pos sal wees.

“Dink aan hierdie klein Aramese dogtertjie - vêr van haar mense, maar tog bereid om te vertel van haar Here.

“Wie weet, miskien wil God jou ook so gebruik.

“Amen.”